



RIGLYNE VIR SKRYF VAN POLISIEVERKLARINGS

WAAROM IS DIT NODIG OM POLISIEVERKLARINGS TE NEEM?

- Om inligting van die getuies en/of die slagoffer te bekom so gou as moontlik
- Om 'n geskrewe verslag te bekom wat deur die getuie/slagoffer gelees en nagegaan kan word
- Om te help met ondervraging in die hof
- Die polisie te help sodat hulle kan bepaal watter stappe gedoen moet word
- **Om polisie-optrede te regverdig.**

DIE EIENSKAPPE VAN 'N GOEIE VERKLARING

- Akkuraatheid
- Volledigheid
- Objektiviteit
- Verstaanbaarheid
- Eerlikheid
- Eenvoudige verduidelikings
- Maak seker die betekenis van woorde is duidelik
- Verklarings moet in Engels gedoen word

HOE LYK 'N VOLLEDIGE VERKLARING

- **Wie** – die oortreders, die getuies, die slagoffer/klaer, die persone wat die toneel besoek het, die persone wat die bewyse verkry het, die persone wat die misdaad ontdek het
- **Wat** – wat het presies gebeur, wat is gebruik om die misdaad te pleeg, wat is gedoen om die toneel te beveilig, wat is gedoen om inligting te verkry, wat is gesteel
- **Waar** – die presiese plek, insluitend die naam van die gebou, straat, voorstad. Waar is die klaer, waar is die bewyse gevind, waar het die getuies gestaan, gesit toe die misdaad plaasgevind het
- **Wanneer** – presiese datum en tyd van die insident. Wanneer is dit aangemeld, wanneer het die polisie op die toneel verskyn, wanneer is die misdaad ontdek
- **Hoekom** – beskryf volledig die gebeure wat die insident laat plaasvind het. Waarom verdink die klaer 'n spesifieke persoon, waarom is sekere items gesteel en ander nie, waarom is iemand vermoor.
- **Hoe** – Beskryf volledig die aksies wat die oortreding laat plaasvind het, hoe is die misdaad gepleeg, hoe het die klaer die misdaadtoneel benader.

HIERDIE IS NET 'N PAAR RIGLYNE. DIE BELANGRIKSTE IS, OPEN 'N SAAK!